Verdien AgriBonus-punte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Johan Visagie

Letsitele

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Johan by
Sel: 064 752 0701 **E-pos: johanv@laeveld.co.za**

Johan Visagie het grootgeword in Potchefstroom waar hy in Laerskool Baillie Park en Hoërskool Potchefstroom Gimnasium was. Op skool was hy 'n kranige sportman en het rugby Akademie week 0/18 gespeel en Suid Afrika verteenwoordig in Karate tydens die 2007 Wêreld Shotokan kampioenskappe waarna hy as Sportseun van die jaar aangewys was in 2009. Johan was ook hoofseun in Baillie Park Laerskool en Potchefstroom Gimnasium. Hy trou binnekort met Melissa Agenbag wat 'n Nematoloog is.

Johan matrikuleer in 2009 by Potchefstroom Gimnasium waarna hy in 2010 inskryf as eerstejaar by die Noord-Wes Universiteit in Potchefstroom vir BSc Omgewingswetenskappe. Hy voltooi sy BSc graad in 2012 en studeer verder aan sy BSc Honneurs in Omgewingswetenskappe met die fokus op mikrobiese aktiwiteit in die grond. Na sy BSc Honneurs begin hy werk aan sy MSc waar hy fokus op insekte en die beheer daarvan. Hy voltooi sy AVCASA kursus in 2015 waarna hy ook sy MSc tesis inhandig. In 2016 ontvang Johan sy M.Sc Entomologie graad met lof en ontvang ook die toekenning vir die beste akademiese prestasie MSc in Omgewingswetenskappe.

Johan begin sy loopbaan as landboukundige in Desember 2015 by ZZ2 waar hy baie ondervinding van tamaties en groente gewasse opbou. Junie 2016 sluit hy aan by Villa Crop Protection waar hy dien as bemarkingsadviseur in Limpopo, Mpumalanga en Pandamatenga area van Botswana. Tydens hierdie tydperk tel hy baie ondervinding op met gewasse insluitend sitrus, tamaties, 'peppers', aartappels, pampoengewasse en mielies. Johan sal as 'n agent optree vir Laeveld Agrochem in die Letsitele en Tzaneen area vanaf September 2017.

Johan hou baie van avonture in die buitelug. Sy stokperdjies sluit in jag, gholf, visvang en kamp. Dit is vir hom lekker om sport te kyk en self daarin deel te neem. Hy hou daarvan om met mense te werk en stel ander se belange voor sy eie. Hy sal graag goeie dienste en wetenskaplike agronomiese aanbevelings wil maak en in die proses die produsent se belange eerste stel.

Johan se visie is om goeie landboukundige aanbevelings te maak en om kliënte se vertroue te wen deur goeie resultate. Johan glo dat mens moet tyd maak om die wind in die gras te hoor, om in die reën te dans, om kaalvoet in die grondpad te loop en om te glo genade kom van Bo.